

**Dinsdag 22 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 120 (1953-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Psalm 120:1, 5**

### **Vreemdelinge in 'n vreemde wêreld**

Psalm 120 is die eerste van 15 bedevaarts- of pelgrimsliedere (Ps. 120-134). Dit is liedere wat deur pelgrims gesing is terwyl hulle op pad was Jerusalem toe vir een van die groot feeste, die Paasfees, Pinksterfees en Huttefees. Op pad tempel toe, praat die digter met die HERE oor sy nood. Hy weet dat die HERE hom verhoor (vs).

Mense het leuens oor hom versprei (vs 2). Hy sidder as hy dink wat God aan leuenaars sal doen (vs 3). Leuens en bedrog is duiwelswerk. Die HERE sal leuenaars so seker straf as wat 'n held se pyle die vyand dodelik tref (vs 4). Soos kole van 'n besembosvuur lank brand, so sal die leuenaar lank en pynlik deur God gestraf word (vs 4).

Die digter voel soos 'n vreemdeling (vs 5). Hy is omring deur vyandige mense (vs 6, 7). Moontlik het hy tydelik in Meseg (in die verre noorde van Klein-Asië) en Kedar (in Sirië, noord van Palestina) gewoon. Hy het in vrede met die mense geleef, maar hulle is op oorlog uit (vs 7).

In die vreemde wêreld tussen vreemde mense laat hy steeds die lig van God se genade skyn. Hy word nie net soos hulle nie. Hy pas nie by hulle aan nie. Hy doen nie wat hulle doen nie.

Nou is hy op pad Jerusalem toe! Hy bely dat die HERE hom verhoor het (vs 1). Daarom het hy nie met vyandigheid en haat gereageer op mense wat hom beskinder nie. Hy het gedoen wat Jesus gesê het: *Doen goed aan die wat vir julle haat* (Matt. 5:44). So het Jesus self ook opgetree. Hy het gesterf vir sy vyande om ons met God te versoen (Rom. 5:10). En nou kan ons deur die werk van die Heilige Gees as vreemdelinge in hierdie vreemde wêreld lewe.

Hoe kan jy staande bly? Praat met God oor jou nood. Laat die lig van sy genade uit jou lewe skyn. Hy gee die krag daartoe.

*Sing: Psalm 120-1:1, 4*

*Ds. AP Krüger (Abraham) (Wolmaransstad)*